Stellies Junior Nasorg: 2021

Graad 1

Ons strewe is om met insig en wysheid vir u kind 'n liefdevolle tweede huis te wees; 'n huis waar hy/sy geborge, veilig en spesiaal sal voel. Enige vrae en voorstelle aangaande ons insette in u kind se belangrike vormingsjare is baie welkom. Ons besef hoe kosbaar elke leerder is en bedank u vir die vertroue wat u in ons stel om u kind te help versorg.

Algemene Inligting

INSKRYWING

- Inskrywings geskied **JAARLIKS** vir **ALLE** leerders.
- Die nasorgfooi vir 2021 is **R420** per maand vir **HALFDAG** leerders en
  R750 per maand vir **VOLDAG** leerders.
- **Die 1ste maand se fooi is betaalbaar vóórdat die leerder tot die Nasorg toegelaat sal word (dws voor/op 15 Desember 2020) om sy/haar plek in die Nasorg te verseker, aangesien daar slegs beperkte aantal plekke beskikbaar is.**
- Die inskrywingsvorm moet **volledig voltooi en onderteken** word deur **beide ouers.**
- Dit is die **ouer se verantwoordelikheid** om die Nasorghoof, Michelle Botha, te verwittig van **enige veranderinge** ten opsigte van die inligting wat op die inskrywingsvorm verskaf is.
- **In die geval van kansellasie, is ‘n kalendermaand vooruitbetaalbaar.**
- **Stellies Junior Nasorg behou hom die reg voor om ‘n leerder te weier indien hy/sy hom/haar nie onderhou aan die Nasorgreëls nie.**

NASORGTYE

- Nasorgtye is soos volg:

	HALFDAG	VOLDAG
Graad 1	13:15 – 15:15	13:15 – 17:30

- Leerders moet daagliks **stiptelik** om **15:15 (HALFDAG)** afgehaal word.
  Leerders moet daagliks **stiptelik** om **17:30 (VOLDAG)** afgehaal word.
- ‘n Bedrag van R10.00 per minuut sal gehef word indien leerders laat afgehaal word. **Hierdie reëling sal streng toegepas word.**

Vrydae:

Nasorg **sluit om 17:00** vir **ALLE VOLDAG** leerders.

Langnaweke:

Wanneer ‘n langnaweek op ‘n Donderdag begin, sal die nasorg om **17:00** sluit.

LET WEL: Daar sal geen Nasorg wees op die laaste dag van elke kwartaal nie.

VAKANSIE NASORG

- Die Nasorg sal gedurende skoolvakansies en openbare vakansiedae gesluit wees.
- Indien Nasorg gedurende ‘n vakansie aangebied word, sal u betyds in kennis gestel word.
- Vakansie programme sal teen ‘n addisionele koste aangebied word.

AFHAAL VAN LEERDERS

- Ouers moet leerders **PERSOONLIK** by die Nasorgklas kom haal óf diegene wat toestemming het (soos aangedui op die aansoekvorm).
- Die **register** moet daagliks deur hierdie persoon geteken word wanneer leerders afgehaal word.
- Stel die Nasorghoof **skriftelik/telefonies** in kennis indien iemand anders (behalwe die genoemde persone) ‘n leerder gaan afhaal of indien ‘n leerder die dag nie Nasorg gaan bywoon nie.
- Enige en alle reëlings/boodskappe vir die betrokke dag, moet deurgegee en afgehandel wees voor die skool verdaag.

MIDDAGETE

Ouers pak self ‘n ligte middagete vir leerders in asook ‘n versnapering vir later die middag. Nasorgleerders moet dus daagliks 2 kosblikke inpak naamlik ‘n pouse- en ‘n Nasorgkosblik. Leerders word aangemoedig om aan tafel te sit en goeie tafelmaniere te handhaaf. Ouers mag iets ekstra inpak, maar **geen soetgoed** word toegelaat nie (vermy asseblief lekkers, koekies, “chips”, gaskoeldranke, produkte met te veel suiker). Ons beveel die volgende aan: neute, vrugte, groentestokkies, slaai, gesonde brood/beskuitjies en koue vleis. Kos kan in die mikrogolf warm gemaak word. Kospakkies wat duidelik gemerk is, kan soggens in die yskas gebêre word.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die Nasorgpersoneel sal toesien dat leerders hulle buitemuurse aktiwiteite wat by die skool aangebied word, bywoon. Ouers word versoek om elke kwartaal ‘n vorm met die spesifieke kwartaal se buitemuurse aktiwiteite te voltooi en Michelle Botha in kennis te stel indien daar gedurende die kwartaal enige veranderinge plaasvind.

Voltooi asb die Aansoekvorm en Vrywaringsvorm volledig en handig so spoedig moontlik by die Nasorghoof/sekretaresse in, aangesien daar slegs ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar is.

Navrae: **Michelle Botha**

E-pos: **michelle.stelliesnasorg@gmail.com**

Telefoon: **066 0907 886**

NASORG AANSOEKVORM: 2021

INLIGTING: Leerder

HALFDAG		VOLDAG		BEGINDATUM	

Van	
Naam	
Geboortedatum	
Graad	
Taal	
Allergieë (kos/medisyne/ander)	

INLIGTING: Ouers

	VADER	MOEDER
Titel		
Van		
Naam		
Beroep		
Huwelikstatus		
Huisadres		
Telefoonnommer (H)		
Telefoonnommer (W)		
Selfoonnommer		
E-posadres		

MEDIESE INLIGTING

Dokter	
Kontaknommer	
Mediese fonds	
Mediese fonds nommer	
Kontakpersoon in geval van nood	
Kontaknommer	

PERSONE WAT LEERDER MAG AFHAAL/UITTEKEN (buiten ouers)

Naam/Van	Kontaknommer
1.	
2.	

BROER/SUSTER in skool

Naam	Graad 2021
1.	
2.	

BELANGRIK

- Hiermee word bevestig dat die inligting (soos uiteengesit) verstaan word en dat ek/ons hierby sal hou.
- Ek/ons bevestig ook hiermee dat die inligting deur my/ons verskaf, **WAAR** is.

Geteken: …… …… ……

Vader **Moeder** **Datum**

NASORG BETALINGS

FINANSIES

- Die nasorgfooi vir 2021 is **R420** per maand vir **HALFDAG** leerders en
  R750 per maand vir **VOLDAG** leerders.
- Nasorgfooie is **STRENG VOORUITBETAALBAAR**, voor/op die **1ste van elke maand**.
- 11 Gelyke paaiemente is betaalbaar vanaf **1 Januarie 2021 tot 1 November 2021** (alle gelde moet dus teen **1 November 2021** betaal wees).
- **GEEN kontantbetalings asb.**
- Met **elektroniese betalings** moet die leerder se naam en eerste letter van sy/haar van as **verwysing** gebruik word bv. **PietP**
- **Betalingsbewyse** moet na **michelle.stelliesnasorg@gmail.com** gestuur word.
- Stellies Junior Nasorg behou die reg om leerders toegang te weier in die geval van **agterstallige betalings.**

BANKBESONDERHEDE

NAAM	Stellies Junior Nasorg
BANK	CAPITEC Stellenbosch
REKNR.	1739769439
TAKKODE	470010
BEWYSE	michelle.stelliesnasorg@gmail.com
NAVRAE	Michelle Botha (066 0907 886 – verkieslik vóór 13:00)

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN FOOIE

Ek/ons aanvaar volle verantwoordelikheid vir die volledige betaling van hierdie rekening en verklaar hiermee dat betaling(s) voor/op die vasgestelde datum(s) gedoen sal word, sonder uitsondering. In die geval van wanbetaling of agterstallige betalings, behou Stellies Junior Nasorg die reg om die leerder(s) toegang tot nasorg te weier EN om die agterstallige gelde in te vorder.

Van	
Naam	
Kontaknommer	
E-posadres	
Handtekening	

STELLIES JUNIOR NASORG : GRAAD 1

VRYWARING, VERBLYF OP PERSEEL

1. Ek, die ondergetekende, ……..…….
   (meld ook verwantskap – Vader, Moeder of Voog)

   van …….....
   (volle naam van kind),

   stem hiermee in dat my kind lid van Stellies Junior Nasorg word.

2. Namens die kind as sy/haar ouer/voog en namens myself, onderneem ek om nie die Nasorg aanspreeklik te hou vir enige toevallige verliese, skade, beserings of siekte wat die kind as gevolg van watter oorsaak ookal, gedurende verblyf by die Nasorg, mag opdoen nie.

3. Ek onderneem ook om Stellies Junior Nasorg te vrywaar teen alle eise van ‘n ander party as gevolg van verlies/ongelukke wat genoemde kind mag oorkom of as gevolg van siekte van genoemde kind of weens enige iets wat genoemde kind mag doen of nalaat om te doen gedurende verblyf by die Nasorg.

4. Ouers is self verantwoordelik vir enige mediese kostes as gevolg van toevallige beserings.

…….. ……..
VADER, MOEDER OF VOOG DATUM

AS GETUIES:

1. …….. ……..
   DATUM

2. …….. ……..
   DATUM